# DIE SEWE SMARTE VAN DIE MAAGD MARIA



AFRIKAANS KATOLIEK

© 2023 - Die Oratorium Uitgewery

Wolfweg 29, Oudtshoorn, 6620
Tel.: +27 44 2039600 • www.afrikaanskatoliek.co.za

”Volg die geseënde Maagd se voorbeeld,
en bly altyd aan die voet van Jesus se Kruis
en jy sal vertroosting ontvang.”
**St Pio van Pietrelcina**

”Op dié dag ná die Kruisverheffing gedenk die Kerk die sewe smarte van Maria. Om moeder te wees van die Verlosser was ’n voorreg en eer, maar dit het haar ook baie pyn en verdriet gekos.

Die groeiende teenkanting teen haar Seun van die godsdienstige leiers van die volk, sy arrestasie en onregverdige verhoor, die foltering wat Hy moes verduur en die verskriklike doodstryd aan die kruis, moes sy alles in stilte aanskou.

Niemand kan die pyn beskryf wat daar in ’n moederhart omgaan nie. Getrou het sy egter op haar plek gebly tot aan die voet van die kruis.

Onse Liewe Vrou van Smarte

## ❶ Die profesie van Simeon (by die opdra van Jesus in die Tempel)

"En kyk, in Jerusalem was daar 'n man met die naam Simeon. Hierdie man was wetsgehoorsaam en toegewyd, en het uitgesien na die herstel van Israel. Die Heilige Gees was met hom. Hy het deur die Heilige Gees 'n openbaring ontvang dat hy nie die dood sou sien voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie. Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: "Kyk, hierdie Kindjie is bestem vir die val en die opstaan van baie mense in Israel, as 'n teken wat betwis word, sodat die bedoelinge van baie mense aan die lig kan kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan."

*Lukas 2:25-26, 34-35*



## ❷ Die vlug na Egipte

"Die sterrekenners het teruggekeer, en kyk, daar het 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef verskyn en gesê: "Maak gereed, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar tot wanneer ek jou opdrag gee; want Herodes is van plan om die Kindjie te soek en Hom dood te maak." 14Josef het toe gereedgemaak en gedurende die nag die Kindjie en sy moeder geneem en na Egipte vertrek. 15Hy het daar gebly tot Herodes se dood, sodat die woorde vervul sou word wat die Here deur die profeet gesê het: "Uit Egipte het Ek my Seun geroep.

*Matteus 2:13-15*



## ❸ Toe die Kind Jesus in die Tempel agtergebly het

"Jesus se ouers het elke jaar vir die fees van die Pasga na Jerusalem gegaan. Toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle oudergewoonte vir die fees daarheen gegaan. Ná afloop van die fees het hulle teruggekeer, maar die Kind Jesus het sonder sy ouers se medewete in Jerusalem agtergebly. Ná drie dae het hulle Hom op die tempelterrein gekry, waar Hy tussen die leermeesters sit en na hulle luister en hulle uitvra. Almal wat na Hom geluister het, was verstom oor sy insig en sy antwoorde. Toe sy ouers Hom sien, was hulle baie ontsteld. Sy moeder sê toe vir Hom: "Kind, hoe kon jy so iets aan ons doen? Kyk, jou vader en ek het angstig na jou gesoek."

*Lukas 2:41-43, 46-48*



## ❹ MARIA ONTMOET JESUS OP PAD NA GOLGOTA

“Toe die soldate Jesus weglei, het hulle 'n sekere Simon van Sirene gegryp wat van die platteland af gekom het. Hulle het die kruis op sy rug gesit om dit agter Jesus aan te dra. 'n Groot menigte van die volk het Hom gevolg, en ook vroue wat aanhoudend op hulle bors slaan en oor Hom weeklaag. Jesus het na hulle gedraai en gesê: “Dogters van Jerusalem, moenie oor My huil nie! Huil liewer oor julleself en oor julle kinders” ”.


*Lukas 23:26-27*



## ❺ JESUS STERF AAN DIE KRUIS (STABAT MATER)

"By die kruis van Jesus het sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en ook Maria Magdalena gestaan. Toe Jesus sy moeder sien, asook die dissipel vir wie Hy lief was, wat by haar staan, sê Hy vir sy moeder: "Vrou, kyk, daar is u seun!" Daarna sê Hy vir die dissipel: "Kyk, daar is jou moeder!" En van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem."

*Johannes 19:25-27*



## ❻ MARIA ONTVANG DIE LIGGAAM VAN JESUS (PIETÀ)

"Aangesien dit die Voorbereidingsdag was, en sodat die liggame nie aan die kruis sou bly op die Sabbat nie – want daardie Sabbat was 'n belangrike dag – het die Jode vir Pilatus gevra dat die bene gebreek en die liggame verwyder moet word. Die soldate het toe gekom en die eerste een se bene gebreek, en ook dié van die ander een wat saam met Jesus gekruisig is. Maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy reeds dood was, het hulle nie sy bene gebreek nie. Een van die soldate het egter met 'n spies in Jesus se sy gesteek, en onmiddellik het daar bloed en water uitgekom."

*Johannes 19:31-34*



## ❼ JESUS WORD IN DIE GRAF NEERGELÊ

"Josef van Arimatea, 'n vooraanstaande lid van die Raad, wat ook uitgesien het na die •koninkryk van God, het na •Pilatus gegaan. Hy het moed bymekaargeskraap en die liggaam van Jesus gevra. Pilatus was verbaas dat Hy al dood was, en het die centurio laat roep en hom gevra of Hy reeds 'n geruime tyd dood was. Toe hy dit by die centurio verneem het, het hy die lyk vir Josef gegee."

*Markus 15:43, 46*





Maria, Moeder van Smarte,
in my hart dra ek die hartseer en die Smarte
wat U tydens u aardse lewe moes verdra.
Ek weet dat hierdie Smarte u gehelp het om
die mens regtig te verstaan en oor die mens besorg te kan wees.

Terwyl ek vrese, pyne en versoekings in die gesig staar,
vra ek dat u my en my geliefdes
onder die beskermende sorg van u mantel sal plaas.

Wys my as my moeder hoe om u Seun altyd nog meer lief te hê.
Help my om sy Passie en Dood beter te verstaan.
Lei my na sy Heilige Hart. Amen.

Skriflesings geneem uit Die Bybel 2020-vertaling met Deuterokanonieke boeke © 2020
Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Met toestemming